Hoe om kultuurbegrippe vir Verkenners te leer

Graad 11 en 12

Afrikaners het ’n dinamiese kultuur wat gedurig bevorder word deur nuwe gedagtes en denke. Daarmee saam ontstaan verskillende begrippe om hierdie gedagtes te verduidelik en te kommunikeer.
Hierdie aktiwiteit stel senior Verkenners bloot aan die verskillende begrippe en terme wat vandag gebruik word om kultuurveranderinge te verduidelik en te verstaan.
In die aktiwiteit word basiese begrippe eers gedefinieer, voordat gevorderde kultuurbegrippe bespreek word.

Onderwerpe: Kultuurbegrippe

Benodighede

- ☐ Uitgedruk: basiese begrippe en definisies, sowel as kulturele begrippe en definisies in die bylaag (4 bladsye). Knip elke definisie en begrip uit. Hou die basiese begrippe en kulturele begrippe apart.
- ☐ Skryfpapier en penne
- ☐ Prestik

Stappe

1. Gebruik Prestik om elkeen van die *basiese begrippe* in ’n ry teen ’n muur vas te plak.
2. Deel die *basiese definisies* uit en gee die opdrag dat elke spanlid sy definisie onder die korrekte begrip teen die muur moet plak. Indien die res van die span nie saamstem met ’n keuse nie, fasiliteer ’n gesprek om die groep tot by die korrekte antwoord te lei.
3. Nadat elke basiese begrip sy korrekte definisie het, deel al die *kulturele begrippe* uit. Versoek die span om vir elke kultuurbegrip wat uitgedeel is, self ’n definisie te formuleer en neer te skryf. Gebruik die basiese begrippe en definisies as verwysing.
4. Gee vir elke spanlid ’n beurt om sy/haar kulturele begrip aan die res van die span te verduidelik. Fasiliteer voorstelle vanuit die span om elke definisie te verbeter. Sodra die span konsensus het oor ’n definisie, plak die begrip en definisie op die muur.
5. As al die kulturele begrippe deur die span gedefinieer is, deel die gedrukte *kulturele definisies* uit. Versoek die span om die korrekte kulturele definisie nou ook by die kulture begrip en die span se definisie daarvan te plak.

6. Fasiliteer ’n gesprek oor die verskille tussen die span se definisie, en die korrekte definisies.

Wenke

Voordat die aktiwiteit aangebied word, bestudeer self die begrippe in die Verkennerlewe sodat jy met selfvertroue daaroor kan praat.

Waarskuwings

Onthou dat as fasiliteerder van die aktiwiteit is jou doel om die span te kry om die aktiwiteit sinvol te voltooi, en nie net om die korrekte antwoorde te voorsien nie. Dit is noodsaaklik vir Verkenners om self te redeneer oor elke begrip. Gee eers die korrekte antwoord sodra al die begrippe deurgewerk is en die span self konsensus bereik het oor die definisies.

Bronne

Verkennerlewe [2018] bl. 267 - 269

Antwoorde

Begrip	Definisie
Kultuur	*die manier van leef, gewoontes, geloof, ens. van 'n bepaalde groep mense*
Gemeenskap	*die mense wat in dieselfde gebied/dorp/ens. woon*
Burgerskap	*die reg om in 'n bepaalde land te woon, of die manier waarop 'n goeie burger hom/haar gedra*
Kapitaal	*ander bates as geld, soos eiendom*
Selfrespek	*agting vir jouself, sonder om hoogmoedig te wees*
Selfvertroue	*die gevoel dat jy jouself kan vertrou om goed te werk, goed te vaar of goed te presteer*
Volwassenheid	*geestelik selfstandig en verantwoordelik*
Vennootskap	*'n ooreenkoms tussen twee of meer mense om saam sake te doen*
Entrepreneur	*iemand wat 'n nuwe onderneming begin of planne bedink om geld te maak*
Assosiasie	*verenig te wees, of aan mekaar verbind te wees*
Kultuurgemeenskap	*'n gemeenskap wat bestaan uit mense met dieselfde kultuur*
Vryheid van assosiasie	*'n individu se reg om uit eie keuse met 'n kultuurgemeenskap of organisasie te identifiseer.*
Kulturele burgerskap	*'n kultuurgemeenskap wat nie beperk is tot 'n enkele staat of land nie*
Kulturele bouers	*om kulturele bakens in die vorm van monumente of literatuur te bou en te skep, in plaas van afbreek in verniel*
Kulturele kapitaal	*kulturele waardes en tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word*
Kulturele selfrespek	*om trots te wees op jou identiteit, kultuur, tradisies en geskiedenis*
Kulturele selfvertroue	*om met selfvertroue standpunt in te neem oor sake wat die kultuurgemeenskap raak*
Kulturele volwassenheid	*'n lewenswyse van respek en verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe*
Interkulturele verhoudings	*die verhoudings en samewerking tussen verskillende kultuurgroepe en gemeenskappe*
Kulturele vennootskappe	*kultuurorganisasies wat saam met ander organisasies werk om 'n gesamentlike doel te bevorder*
Kulturele entrepreneur	*iemand wat planne maak om 'n kultuur te bevorder en uit te brei*
Kulturele simbole	*vlae, liedere en herdenkingsdae wat erkenning gee aan 'n kultuurgroep*